

VAK: AFRIKAANS HT GRAAD: 12 LESPLAN 2 KWARTAAL 4 TYD: Dubbelperiode						
KERNINHOUD: Hersiening: Vraestel 2 – Afdeling C - Drama: Krismis van Map Jacobs						
LEERUITKOMS 1: Luister en Praat		LEERUITKOMS 2: Lees en Kyk		LEERUITKOMS 3: Skryf en Aanbied		
Die leerder is in staat om te luister en te praat vir verskillende doeleindeste en teikengroepe en in 'n verskeidenheid kontekste.		Die leerder is in staat om te lees en te kyk vir begrip, om krities te evaluateer en om op 'n wye verskeidenheid tekste response te lever.		Die leerder is in staat om vir 'n wye verskeidenheid doeleindeste en teikengroepe te skryf en aan te bied deur konvensies en formate gepas vir verskillende kontekste te gebruik.		
Toon kennis van verskillende vorme van mondelinge kommunikasie vir sosiale doeleindeste		Toon verskeie lees- en kykstrategieë vir begrip en waardering		Beplan die skryfproses volgens 'n spesifieke doel, teikengroep en konteks	Identifiseer en verduidelik die betekenis van woorde en gebruik dit korrek in 'n wye verskeidenheid tekste ✓	
Beplan en doen navorsing om mondelinge opdragte vlot en ekspresief aan te bied		Evalueer die betekenis van 'n wye verskeidenheid geskrewe, visuele, audio- en audiovisuele tekste		Toon die gebruik van gevorderde skryfstrategieë en -tegnieke vir eerste weergawes	Gebruik goed gestruktureerde sinne betekenisvol en funksioneel ✓	
Toon vaardighede in die luister na en lever van mondelinge aanbiedings		Evalueer hoe taal en beeldlike waardes en houdings kan weerspieël en vorm in tekste		Dink na oor, ontleed en evaluateer, met inagneming van ander se sienings, eie werk en bied die finale produk aan:	Ontwikkel kritiese taalbewusstheid ✓	
Toon kritiese taalbewusstheid van taalgebruik in mondelinge situasies		Verken en evaluateer die hoofkenmerke van tekste en verduidelik hoe betekenis deur die leser se interaksie met tekste geskep word				
ONDERRIGAKTIWITEITE		LEERDERAKTIWITEITE		BRONNE	ASSESSERING	
Die onderwyser doen hersiening van die drama a.h.v. die opstelvraag uit die Modelvraestel vir Letterkunde (2009) – Vraag 13 KONFLIK 1. Wat is konflik (botsing)? 2. Wat is die verskil tussen innerlike en uiterlike konflik? 3. Watter soort konflik kom in Map Jacobs voor? 4. Waarom kom dié konflik voor? 5. Hoe word die konflik opgelos? 6. Hoe maak die oueur van spanning gebruik om die intrige te ontwikkel? DIALOOG 1. Watter dialoog verskaf leidrade oor die karakters se status en sosiale posisie? Verduidelik jou keuse. 2. Watter dialoog dra by tot die		AFDELING C: DRAMA OPSTELVRAAG: KRISMIS VAN MAP JACOBS Adam Small Vraag 13 Konflik is 'n sentrale element van alle dramas. In <i>Krismis van Map Jacobs</i> kom uiterlike konflik onder andere voor tussen <ul style="list-style-type: none">• Maud en Cavernelis• Maud en die Kerrimspelers• Maud en Blanchie. Bespreek hierdie uiterlike konflikte in 'n opstel van 400-450 woorde en dui die aantal woorde wat jy gebruik het aan. Toon ook die uitkomste van die konflikte aan.		VRAAG 13 - OPSTELVRAAG: KRISMIS VAN MAP JACOBS MEMO Die konflik tussen Maud en Cavernelis handel oor Cavernelis se obsessie om geld te maak. Maud sê hy is skaars by die huis dan is hy weer vort op sy fiets. Maud soek skoor met hom en probeer hom uitlok, want sy vereensaam en voel afgeskeep en uitgesluit. Cavernelis probeer die konflik ontloot deur te sê dat sy haarself nie so moet opwen nie. Hierdie poging is onsuksesvol, want Maud hou aan en vertel ook vir Cavernelis hoe Richie en Cyril met hom spot en hoe hulle Blanchie teister. Uiteindelik is Cavernelis so ontstel dat hy besluit om te gaan en onderklere te gaan smous. Op hierdie manier word die konflik ontloot (Cavernelis ontrek), maar nie opgelos nie. Maud kom ook in uiterlike konflik met die kerriemspelers Cyril en Richie. Hulle beweer dat sy hulle afluister en op hulle spioeneer, wat sy ontken. Daarna skel hulle op mekaar tot Maud hulle toesnou dat hulle nie eers respek vir 'n Sondag het nie. Cyril ontmasker haar as skynheilig en wys haar daarop dat haar man en haar stiefdogter nog minder respek vir 'n Sondag het omdat hulle op die Sondag "werk". Omdat dit waar is en Maud nijs hierop kan sê nie, blaas sy die aftog. Maud se grootste uiterlike konflik is egter met Blanchie. In hierdie konfrontasie het sy bepaald die oorhand. Al die vemoedens wat sy heimlik	[25]	Datum afge-handel

<p>handeling?</p> <p>3. Watter dialoog onthul iets i.v.m. die karakter en persoonlikheid van die spreker?</p> <p>TOEELAANDUIDINGS</p> <p>Neem die toneelaanduidings en vra die leerders om aan te dui wat dit hulle sê i.v.m.:</p> <ul style="list-style-type: none"> – Waar en wanneer die drama afspeel – Waar en hoe die karakters beweeg; hulle voorkoms; hul gedrag en hoe hulle praat – Besonderhede oor hoe die stuk opgevoer kan word 		<p>gekoester het dat die geldmaakkemas gaan misluk en dat daar niks van gaan kom nie, word bewaarheid. Sy is onsimpatiek teenoor Blanchie en wreid teenoor Cavernelis. Sy beweer dat sy van die begin af geweet het dat Blanchie nooit Parys toe sal gaan nie en dat die geld nie sal inkom nie. Sy sê ook vir Blanchie dat sy haar gewaarsku het dat die klomp fashion-moffies en hulle wit vriende haar net gebruik het en dat hulle haar in die steek gaan laat. Omdat dit waar is en Blanchie geen verweer het nie, skreeu sy vir Maud om stil te bly. Sy wys Maud daarop dat sy net so graag soos hulle uit die township wil wegkom. Uit frustrasie kry Blanchie vir Maud beet en pluk sy haar rond, waarop Maud reageer en hulle aan mekaar pluk. Die uiterlike konflik het nou van 'n woordstryd in 'n fisiese stryd oorgegaan. Dit raak ook meer persoonlik as Maud Blanchie 'n "bitch, 'n teef, en 'n jintoel!" noem. Uiteindelik besef Maud en Blanchie dat hulle niks bereik nie en vra hulle mekaar om verskoning, waarna die konflik opgelos word en die twee vroue met mekaar versoen.</p> <p>Krismis van Map Jacobs – Adam Small Afrikaans Huistaal: Modelvraestel vir Letterkunde (2009) Woordeboeke</p>	
---	--	--	--

Tuiswerk:

Verryking/Uitgebreide geleenthede:

Nabetragsing: Was die les 'n sukses of nie?

hhk280809